

Woensdag, 18 Maart 2020

(Hierdie protokol is gedateer aangesien dit mag verander.)

PROTOKOL VIR VERMOEDELIKE/BEVESTIGDE GEVALLE VAN COVID-19 IN US KOSHUISE

Wees voorbereid deur die volgende te doen:

1. Maak seker daar is 'n opgedateerde lys (met kontakbesonderhede en studentenommer) van al die studente wat in die koshuis agterbly gedurende hierdie tydperk.
2. Stig 'n WhatsApp-groep met al hierdie studente en maak seker die Koshuishoof het vinnige toegang tot die groep. Dit sal verseker dat kommunikasie vinnig en doeltreffend is, veral in tye van nood.
3. Skakel met die KDK om 'n soortgelyke kommunikasiekanaal vir personeel wat in die gebou werk, bv skoonmakers en spysenieringpersoneel, in te stel.
4. Vra almal in die koshuis om hulself fyn dop te hou vir simptome soos koors en 'n droë hoes.
5. Indien hierdie simptome voorkom, moet Kampusgesondheid dadelik in kennis gestel word. Maak seker jy het die kontaknommer vir Kampusgesondheid byderhand op jou foon: 021 808 3494/6 (sake-ure); 076 431 0305 (ná ure).
6. Indien Kampusgesondheid aandui dat die situasie 'n toets vir COVID-19 regverdig, gebruik jou kommunikasiekanaal of -kanale om almal in die koshuis in kennis te stel en vra hulle om ekstra versigtig te wees en sosiale afstandskewing toe te pas terwyl daar op die toetsuitslae gewag word.
7. Indien die toetsuitslag negatief is, stel almal op die WhatsApp-groep in kennis.
8. Indien die toetsuitslag positief is, maak seker dat Studentegesondheid in kennis gestel is. Vra al die studente op die WhatsApp-groep om hulself af te sonder en wag op verdere opdragte van Kampusgesondheid.

Hier is riglyne van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO), soos gepubliseer op 16 Maart 2020, oor wat om te doen indien iemand in jou huishouding positief toets vir die virus. Dit mag dalk ook rigting gee vir 'n soortgelyke situasie in 'n koshuis:

(Uittreksels uit die openingstoespraak van die WHO se direkteurgeneraal by die media-inligtingsessie oor COVID-19 op 16 Maart 2020)

- Sosiale afstandsheppingmaatreëls kan help om oordrag te verminder en kan gesondheidsorgstelsels help om die situasie te hanteer.
- Handewas en hoës in jou elmboog kan die risiko vir jouself en ander verminder.
- Nog 'n opsie is vir pasiënte met ligte simptome om in afsondering en tuis versorg te word.
- Om besmette mense tuis te versorg, kan 'n risiko vir ander in dieselfde huishouding inhou. Dit is dus uiters belangrik dat versorgers die WHO se riglyne volg oor hoe om so veilig as moontlik sorg te verskaf.
- Byvoorbeeld: Beide die pasiënt en hul versorger moet 'n mediese masker dra wanneer hulle saam in die vertrek is.
- Die pasiënt moet in 'n aparte kamer slaap, weg van ander mense af, en moet 'n ander badkamer gebruik.
- Lê een persoon die taak op om na die pasiënt om te sien – verkieslik iemand wat gesond is en geen onderliggende siektes het nie.
- Die versorger moet hul hande ná enige kontak met die pasiënt of hul onmiddellike omgewing was.
- Mense wat met COVID-19 besmet is, kan nog steeds ander mense aansteek al voel hulle nie meer siek nie. Hierdie maatreëls moet dus vir ten minste twee weke nadat simptome verdwyn het, voortgesit word.
- Geen besoekers mag toegelaat word tot na afloop van hierdie tydperk nie.

<EINDE>